



ASSESSMENT & EXAMINATIONS

Bundy Park, Schornville, KWT * Private Bag X 4571, KWT, 5600
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za

NSC 2011 CHIEF MARKER'S REPORT

SUBJECT	AFRIKAANS FIRST ADDITIONAL LANGUAGE
----------------	--

PAPER	3
--------------	----------

DATE OF EXAMINATION:	18 NOV 2011	DURATION:	2½ HOURS
-----------------------------	--------------------	------------------	-----------------

SECTION 1:

(General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)

Oor die algemeen was die vraestel beter as vorige jare beantwoord. Daar was geen ernstige probleme nie.

SECTION 2:

Comment on candidates' performance in individual questions

(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).

QUESTION 1

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

1.1 Hierdie was 'n gewilde vraag by die leerders. Die leerders kon hierdie vraag goed interpreteer. Dit was 'n oop vraag met verskeie interpretasies. Die leerder het ook van abstrakte geskenke gepraat en nie net konkrete geskenke nie. Daar was redelik goeie aanbiedinge sowel as swak. Die goeie kandidate het verbeeldingryke werk gelewer waar die swakker kandidate die riglyne van die vraestel herhaal het. Die meeste van die skryfstukke was uit eie ervaring. Hierdie vraag was ook volgens die leerder se leefwêreld. Die algemeenste geskenk was 'n "BlackBerry" selfoon. Hierdie vraag het selfs ook voorsiening gemaak vir leerders wat uit die "laagste sosio-ekonomiese groepe" kom, want almal is bekend met geskenke. Dit is oor die algemeen oppervlakkig beantwoord. Daar was natuurlik goeie sowel as swak pogings. Dit wissel van 80% - 0%. Dit was beslis 'n gunsteling-vraag.

1.2 Hierdie was ook 'n gewilde vraag aangesien alle leerders hulle in die skool bevind en dit was ook maklik om van hulle skool te skryf. Leerders verstaan hierdie vraag baie goed, maar kom soms nie by die essensie daarvan uit nie. Dit word veral deur swakkerige kandidate aangepak wat die skool as hulle leefwêreld ken, maar nie dat dit oortuigend vir 'n kompetisie oorgedra moet word nie.

1.3	Baie min leerders het hierdie vraag beantwoord. Dit is ook nie altyd suksesvol beantwoord nie en die leerder het ook hier beskryf in plaas van reflekteer wat nie verkeerd was nie, maar dit sou meer effektief gewees het as daar wel gereflekteer is. Die goeie kandidate het die vraag goed beantwoord, maar swak kandidate het dikwels dieselfde gedagte oor en oor herhaal en slegs wense opgenoem. Die meeste van die kandidate het ook vir geld gewens. Daar is ook ondervind dat 'n ernstige gebrek aan woordeskat die swakker kandidaat kniehalter.
1.4	Goeie interpretasie van vraag en ook gewilde vraag. Daar was ook verskeie volwasse interpretasies t.o.v. aanslae tot die vraag. Die meeste kandidate het by die gedagte van dinge wat geld nie kan koop nie, uitgekom. Die verwarring van koop en verkoop het ook dikwels na vore gekom.
1.5	Dit was ook een van die gewilde onderwerpe alhoewel nie baie leerders suksesvol was nie. Dit was in die leerder se verwysingsraamwerk omdat hy/sy daarmee kon identifiseer. Dit was 'n goeie onderwerp en het definitief ook voorsiening vir die swakkerige leerling gemaak wat kon skryf oor eie ondervinding van SOMER. Daar was heelwat goeie opstelle. Leerders besit die vermoë om die vraag goed te beantwoord. Seisoene word ook selfs met mekaar vergelyk en aan die einde word daar wel genoem waarom SOMER die beste seisoen is. Dit het ook 'n vertelling oor lekker vakansie uitgelok waar daar deur leerlinge eerder gefokus is op die vakansie as die seisoen.
1.6.1	Hierdie was 'n baie gewilde vraag onder die sterker kandidate. Daar was heelwat verbeeldingryke skryfstukke gelewer. Meestal negatiewe gevoelens word uitgebeeld bv. mislukkings, teleurstellings ens.
1.6.2	Hierdie vraag is nie deur baie leerders beantwoord nie alhoewel dit so goeie prent is waarin daar geen twyfel is wat daarvoor geskryf kan word. Die kwessie van drink en bestuur word hier aangespreek, maar net enkele leerders het oor hierdie probleem geskryf. Hierdie oortreding word ook daaglik gesien asof dit 'n norm is en daar sou verwag word dat meer leerders hierdie onderwerp sou kies.
1.6.3	Baie min kandidate het hieroor geskryf. Netelige kwessie wat met dissiplinering van kinders te make het. Mishandeling van kinders is ook hier geïnterpreteer.
(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.	
<ol style="list-style-type: none"> 1. Woordorde, die gebruik van verkeerde Voornaamwoorde en die gebruik van punktudasie en swak, lomp sinne as gevolg van beperkte woordeskat. 2. Baie Engelse woorde is gebruik, in sommige gevalle kon die leerder nie hom / haarself uitdruk nie en het stelstuk glad nie sin gemaak nie. 3. Daar was baie herhalings. 4. Die gebruik van uitgebreide sinne en dit is waar daar meer foute ingesluit het. Die leerder kon nie die voegwoorde effektief gebruik nie. Daar is ook nie gebruik gemaak van verskillende tipes sinne nie. 	

(a) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

1. Onderwysers moet aan leerders instruksies verduidelik en dat die vraestel daar begin en dit moet ook uitgevoer word. Leerders moet ook geleer word hoe om paragrawe te vorm en hoe om met 'n inleiding te begin en met 'n slot te eindig. Hulle moet geleer word hoe om paragrawe te skryf en dat dieselfde idees in 'n paragraaf kom om dit samehangend en vloeiend te hou. Feite moet nie gemeng word nie. Dit moet stap vir stap aan hulle verduidelik word tot by die slot.
2. Onderwysers moet die leerders leer om ook vir sleutelwoorde te soek wat hulle tot die antwoord sal lei. Ek stel ook voor dat hierdie sleutelwoorde onderstreep of met 'n glimpen onderstreep word. Dit sal die leerder help om nie fokus te verloor nie en in staat stel om terug na die vraag te gaan, aangesien dit sal uitstaan.
3. Onderwysers moet leerders aanmoedig om kort, eenvoudige sowel as verskillende tipes sinne soos vraagsin nie, saamgestelde sinne, uitdrukkings, bevelsinne, ens. te gebruik. Die kind moet ook aangemoedig word om verskillende byvoeglike naamwoorde te gebruik .
4. Leerders word ook aangemoedig om Afrikaanse literatuur te lees om woordeskat uit te brei Om die taal met gemak te hanteer. Dit sal ook hulle skryfvermoë verbeter. Die meeste van die tyd ken die leerder die inhoud , maar hy/sy weet nie hoe om hulle uit te druk nie as gevolg van beperkte woordeskat.
5. Onderwysers moet leerlinge ontmoedig om Engels in die klaskammer te praat. Onderwysers moet ook daarteen waak om leerders gedurende die Afrikaans periode in Engels te onderrig, maar eerder in Afrikaans te verduidelik sodat hulle daaraan gewoon kan raak en aangemoedig word om die taal te besig.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
Leerders kan nie basiese instruksies uitvoer nie. By skryfwerk weet hulle nie dat sekere skryfwerke vertel, beskryf, beredeneer, bespiegel (reflekteer) of geargumenteer moet word.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc. Onderwysers moet seker maak dat alle tipes skryfwerk wat in die riglyndokument voorkom, behandel word teen die tyd dat leerling in matriek kom. Leerders moet vertrouwd wees met die verskillende terminologieë en formate soos vooraf genoem, bv. vertel, beskryf, redeneer, argumenteer, reflekteer (bespiegel).

QUESTION 2

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

2.1 Hierdie vraag was baie gewild. Die oorgrote meerderheid van die leerders het hierdie vraag beantwoord. Die onderwerp was maklik, maar daar is ook gevind dat leerders met die formaat en struktuur van hierdie skryfstuk gesukkel het. Daar kan duidelik gesien word dat daar deesdae baie min briewe geskryf word, want baie van hierdie skryfstukke neig na e-posse met: Aan en Van. Die opdrag was ideaal, want daar moet na die swakke leerders se behoeftes ook gekyk word. Die opdrag weerspieël ook die werklikheid waarmee sommige kandidate gekonfronteer word.

2.2 Sou dink dat hierdie 'n gewilde keuse sou wees omdat die verslag oor die realiteit gaan waaraan leerders gewoonlik blootgestel word. Die formaat was vir die meeste van die leerders wat hierdie vraag beantwoord het, 'n probleem.

2.3 Glad nie gewilde keuse nie. Die leerders wat hierdie vraag beantwoord het, was nie almal suksesvol met die beantwoording daarvan nie. Hulle het oor die algemeen nie daarin geslaag om die familie te troos en by die stemming van die vraag te bly nie.

2.4 Dit was nie 'n baie gewilde vraag nie. Die leerders wat hierdie vraag beantwoord het, het met die formaat gesukkel en ook nie geweet wat die vereistes was vir die beantwoording van hierdie vraag is nie. Dit het die swakke kandidaat verwar. Dit is deur die swakke kandidaat misgetas alhoewel daar 'n Agenda was wat as leiding gedien het.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Dieselfde probleme is ondervind soos in **VRAAG 1 (b)**.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Dieselfde soos in **VRAAG 1 (C)**.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

By transaksionele skryfstukke ken hulle nie formate nie bv. Uitnodigings: Wie word uitgenooi, Waarheen, Wanneer, Plek, Tyd ens. Briewe: Hulle weet nie dat daar 'n adres, aanhef en slot moet wees nie. Leerders begin met Hi, Hello i.p.v. Liewe en Beste. Leerders moet ook geleer word dat daar 'n sekere aanvaarbare toon is vir verskillende tekste. Formeel, informeel, troos ens.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Onderwysers moet seker maak dat alle transaksionele tekste wat in die riglynokument voorkom, behandel word teen die tyd dat die leerling in matriek kom. Leerders moet vertrouwd wees met die verskillende terminologieë en teksformate.

QUESTION 3
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
3.1 Baie gewilde vraag. Daar was vele suksesse hier. By die swakker leerling is die tweede gedeelte van die opdrag “hoe jy voel” soms nagelaat.
3.2 Nog ‘n gewilde keuse. Gebaseer op instruksies. Leerders het baie sukses behaal met die beantwoording van hierdie vraag. Dit is volgens die leerder se verwysingsraamwerk.
3.3 Baie gewilde vraag. Die swakker leerder is gepenaliseer waar hy /sy nie verstaan het wat die vereistes vir ‘n uitnodiging is nie en waar die fokus die program was. Sommige antwoorde is kreatief en interessant aangebied. Die programgedeelte regverdig die puntetoekenning by die vraag. Daar was ook goeie leiding vir formaatvereistes.
(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Dieselfde probleme is ondervind soos in VRAAG 1 (b) .
(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Sien 1(c) hierbo.
(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
Sien 2(d)
e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Sien 2(e)

SIGNATURE OF CHIEF MARKER: H.V. Lottering (mev)



SIYASEBENZISANA/ WORKING TOGETHER/ SAMEWERKING
Quest for Excellence through high powered performance

